# Dawie se nuwe fiets

Illustrasies: Tassia Rosser
Outeur: V McKay (teks aangepas vir hierdie Groot Boek)

**Kwartaal 3** – Groot Boek 1



**Afrikaans**

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER

T3_1 David's new bicycle_big book_A.indd 1
2021/11/04 16:24



Dawie is hartseer omdat hy nie 'n fiets het nie. Hy wens hy kon saam met sy maats skool toe ry.



Dawie se mamma en pappa gee vir hom 'n blink rooi fiets vir sy verjaardag. "Dankie!" sê Dawie bly.



T3_1 David's new bicycle_big book_A.indd 2 2021/11/04 16:24



Dawie sit sy helm op en probeer om te ry, maar hy val af. Ag nee, hy weet nie hoe om fiets te ry nie!



T3_1 David's new bicycle_big book_A.indd 3 2021/11/04 16:24



Dawie poets elke dag sy fiets. Hy wil vir niemand sy geheim vertel nie – dat hy nie kan fietsry nie.



T3_1 David's new bicycle_big book_A.indd 4 2021/11/04 16:24



Dawie se gawe maat
Anna help hom en gou
kan hy ry sonder om te
val! “Dankie, Anna,” sê hy.
“Ek kan nou fietsry!”



T3_1 David's new bicycle_big book_A.indd 5 2021/11/04 16:24



Die volgende dag ry Dawie saam met sy maats. Hy is baie bly dat hy aanhou probeer het, al het hy soveel keer geval.



T3_1 David's new bicycle_big book_A.indd 6 2021/11/04 16:24

b a d c e g f i j

Hierdie Groot Boek is deur Wordworks ontwikkel.
Ontwerp deur Jacqui Botha. Vertaling deur Laetitia Bedeker.
Redigering deur Ilse von Zeuner.

Dit is aangepas van die boek *Bheki's bike,* gepubliseer deur
die Departement van Onderwys (www.education.gov.org).

Hierdie Groot Boek is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

T3_1 David's new bicycle_big book_A.indd 7 2021/11/04 16:24